

Bestuursboek/Management Book

Die Intelligente Keuse
Vrugbare, Winsgewende, Veldbees
051 410 0958 · www.tulicattle.co.za · tuli@studbook.co.za

Elite bulgroeitoets klas 2019



Elite bull growth test 2019

The Intelligent Choice
Fertile, Profitable, Range Cattle
051 410 0958 · www.tulicattle.co.za · tuli@studbook.co.za



Tuli Beestelers Genootskap van SA



1. BELANGRIKE PUNTE WAT IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD MET

DIE BEPALING VAN 'N KALFSEISOEN:

Voor 'n mens enige besluite neem oor wanneer en hoe jy jou diere wil paar, moet jy verstaan dat diere onder bepaalde omstandighede, spesifieke behoeftes het.

Koeie met kalwers het goeie weiding nodig, omdat die koei melk produseer en ook nog herbeset moet word. Die riglyn is dat koeie binne ses weke met die begin van die groeiseisoen moet kalf.

Koeie in 'n vroeë stadium van dragtigheid het nie so goeie weiding nodig nie en maak dit sin dat hierdie tydperk gedurende die droë seisoen of winter moet wees,

Koeie 6 weke voor kalf, se voedings behoeftes neem weer drasties toe en kan selfs jou konsepsie met die volgende dekseisoen bepaal.

Speenkalwers: Verse en Bulle het deurlopend goeie weiding nodig. Dit is uiters belangrik om te verseker dat hierdie jong diere, hul volle potensiaal bereik. Daar is beslis een area waar die meeste telers faal en dit is op die ouderdom tussen speen- en 12mnde.

Maak seker u speenkalwers het goeie kwaliteit weiding. Lekaanvullings mag soms noodsaaklik wees om gewigsverlies agv speenskok te voorkom. **Onthou die bul is die "produk" wat jy verkoop en verse is jou toekomstige "fabriek"**. Hieruit kan gesien word dat jy mooi moet besin, oor wanneer jy jou diere moet paar en wanneer hulle gaan kalf. Aangesien Prestasietoetsing verpligtend is, vergemaklik dit ook jou bestuur om 'n bepaalde kalfseisoen te hê.

2. AANVAARBARE PARINGS:

- SP-Bul of Sp-Koei X Ander ras = Basis Koei
(indien goedgekeur word)
- SP-Bul X Basis Koei = Aanhangsel A-koei
(indien goedgekeur word)
- SP-Bul X A-Koei = Aanhangsel B-Koei/B-Bul
(indien goedgekeur word)
- SP-Bul X B-Koei = SP-Koeie/SP-Bul (indien goedgekeur word)
- B-Bul X SP-Koei = SP-Koei/SP-Bul (indien goedgekeur word)
- B-Bul X B-Koeie = B-Koei/B-Bul (indien goedgekeur word)
- B-Bul X A-Koei = A-Koei (indien goedgekeur word)

- B-Bul X Basis Koei = Basis Koei (Indien goedgekeur word)

Elke teler besluit self watter koei hy met watter bul gaan paar. Daar is ook baie programme wat jou hiermee kan help, solank jy seker is dat jou aantel, die gemiddeld van jou kudde sal verbeter en terselfdertyd voldoen aan jou langtermyn teelddoelwitte. Stuur asb paringslys na kantoor,

3. VEREISTES VAN GEBOORTE TOT VOLWASSE DIER:

*Gee die kalf 'n nommerplaatjie of oorkode. Tatoëer vir permanente merk van identifikasie.

*Weeg die kalf binne 3 dae na geboorte (afgerond tot naaste kilogram)

*Weeg koei by geboorte (indien moontlik)

*Registreer kalf se geboorte binne 90 dae by SA Stamboek

*Weeg koei en kalf met speen (tussen 151 en 270 dae)

*Weeg kalf 12 maande (tussen 271 en 450 dae) en/ of 18 maande (451 en 634 dae)

Let wel: Indien u nie speen en een van 12/18 maande gewigte neem nie, sal diere outomaties gekanselleer word! Hoe meer gewigte, hoe beter!

Bulle begin met Plaasgroeitoetse voor of met 12 maande gewigte (kontak kantoor of u Stamboek veldbeampte vir verdere inligting)

ONTHOU ASSEBLIEF OM AL DIE INLIGTING AAN MARIETJIE CAMPBELL TE STUUR OF SELF OP LOGIX TE LAAI
(marietjiec@studbook.co.za)

4. KEURING

Die keuring van diere word self deur die teler gereel. 'n Lys van senior keurders, asook die kostestruktuur, kan van die kantoor aangevra word. Diere kan vanaf die ouderdom 12 maande geïnspekteer word. Dit word egter nie deur die Genootskap aanbeveel nie, aangesien diere nog baie kan verander totdat hulle volwassenheid bereik. Die aanbeveling is om vroulike diere op 15 maande of ouer te inspekteer. Bulle moet so oud as moontlik wees met inspeksie, afhangende van die ouderdom waarop jy die bulle wil bemark. Met inspeksie word diere goedgekeur, afgekeur of laat oorstaan vir herinspeksie op 'n latere stadium. Daar is 'n hele aantal redes hoekom diere afgekeur/geprul kan word. Onder is 'n lys met toepaslike kodes:

<u>Afdeling</u>	<u>Kode</u>	-	-
Algemeen	13	TUL	Ouderdom eerste kalwing >39 maande
	14	TUL	TKP van >760 dae tussen enige 2 kalwers, 3 kalwers en meer 'n gemiddelde TKP >570 dae
	16	TUL	Enige oorerflike defek
	17	TUL	Wilde temperament
Tipe / Kleur / hare	1	TUL	Swart kleur of Briekwa
	2	TUL	Soliede wit bokant die onderlyn
	8	TUL	Oordrewe wollerige of lang hare
	15	TUL	Swakgepigmenteer
	20	TUL	Enige tekens van onsuiverheid
	44	TUL	Nie fenotopies Tuli nie
Kop	3	TUL	Oordrewe lang of kort onderkaak of skewe bek
	18	TUL	Swak oë en ooghare
	23	TUL	Permanente traan oë

<u>Afdeling</u>	<u>Kode</u>	-	-
Rug tot stert	5	TUL	Oormatige hol of geboë rug
	6	TUL	Krom rug van agter gesien
	7	TUL	Aangebore kinkel in boonste derde van stert
	19	TUL	Duiwelsgreep
	25	TUL	Oormatige hang kruis
	34	TUL	Plat kruis
Bene / hoeve	4	TUL	Uitgroei of enige abnormale kloue
	21	TUL	Patella fiksasie
	36	TUL	Sekel, regop- of koeihakkig
	37	TUL	Bakbenig, x benig of duiftonig
	38	TUL	Regop- of deurtrapte kote
	41	TUL	Onnatuurlike gang
	33	TUL	Growwe beenstruktuur

<u>Afdeling</u>	<u>Kode</u>	-	-
Skrotum, skede en uier	11	TUL	Hipoplasie en skrotale defekte
	12	TUL	Skede vlesig en prolaps
	26	TUL	Onder ontwikkelde vroulike geslagsorgane of uier
	40	TUL	Swak uier en speen ontwikkeling
Bespieroing / Konstitusie	9	TUL	Oormatige bespieroing (dubbel bespieroing)
	42	TUL	Swak Konstitusie
	43	TUL	Swak bespieroing
Grootte	10	TUL	Te klein vir ouderdom
	22	TUL	Onder gewig vir ouderdom
	24	TUL	Uitermatige groot of ponie tipe
	31	TUL	Te hoog op die been, sonder diepte
	32	TUL	Te groot vir ouderdom

5. STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID

Hier volg beskrywings van hoe die teler sy eie diere kan beoordeel

KOP

- **Bek:** Breë bek waar die kake mooi op mekaar sluit. Bo-kaak of onder-kaak mag nie korter of langer as die ander kaak wees nie. Dit mag ook nie skeef wees nie.
- **Neus:** Die spieël van die neus moet mooi glad wees met goeie pigment en twee goed ontwikkelde neusgate. 'n Denkbeeldige lyn moet reguit afkom vanaf die spits op die kop, tussen die oë deur tot by die bek.
- **Ore:** Die ore moet mooi langs die kop geplaas wees. Bulle se ore moet klein wees en skoon met kort haartjies daarop. (Groot harige ore dui op onsuiverheid.) Koeie se ore is normaalweg bietjie groter as bulle.
- **Oë:** Die oë van die Tuli moet ovaalvormig wees met mooi lang oogwimpers wat afwaarts wys. Voorbeelde van swak oë; ronde-, klein-, uitpeul-, Chinese-, permanente traan oë of oë met swak gevormde oogwimpers wat klossies vorm is nie gewens nie, maar word nie noodwendig afgekeur nie.

- **Spits:** Die spits van die dier moet mooi tussen die twee ore opgaan. By diere wat horings het, is die spits natuurlik nie sigbaar nie en moet mooi gevormde Sanga- tipe horings hê. Nagenoeg 10% van die ras het horings. Telers moet probeer om horings tot die minimum te beperk, aangesien dit ekonomiese komplikasies inhou.

NEK:

Die nek moet mooi in die skouer invloei. Die nek van vroulike diere moet mooi glad wees met fyn plooitjies en 'n mooi nekvel. As gevolg van hormone, is die nek van bulle gewoonlik bietjie hariger en donkerder van kleur as die res van sy lyf. Soos 'n bul volwassenheid bereik, word die nek gewoonlik dikker as sy kop en ontwikkel 'n mooi gedefinieerde skof met sterk gevormde nekvel.

TOPLYN:

Diere moet 'n mooi reguit rug, met goed gevormde oogspier, maar nie oorbespied wees nie. 'n Oormatige hol- of geboogde rug word afgekeur. Tull's moet 'n goeie oogspier vertoon, aangesien dit een van die ras se kenmerkendste eienskappe is.

LENGTE EN DIEPTE:

Hierdie twee eienskappe gaan hand aan hand. As die een nie reg is nie, lyk 'n dier ongebalanseerd. Die dier moet goeie lengte met diepte hê. Diere moet nie so kort wees dat hy in mekaar gedruk lyk nie, maar ook nie so lank wees dat hy silindries vertoon nie.

AGTERKWART:

Die agterkwart moet goed gespierd wees, met goeie breedte. Die boud moet 'n goeie lengte van die heup na die sitbeen vertoon met 'n matige hang kruis en goeie bespiering wat afgaan tot op die hak. 'n Goed ontwikkelde skilpadspier moet sigbaar wees.

AGTERBENE:

Die agterbene moet goed ontwikkel wees met 'n fyn beenstruktuur. Die bene moet ook nie oormatig koei- haggig of bakbenig wees nie. Bene wat van agter, reguit uit die sitbeen af gaan grond toe, is ideaal met genoeg spasie vir die koei se uier en bul se skrotum. Die agterbene, van die kant gesien, moet nie te regophakkig of sekehakkig wees nie.

KOTE EN HOEWE:

Diere moet goeie kote hê en gemaklik beweeg. Jong bulle met swak kote is geneig om later, as hulle swaarder word, probleme te ontwikkel.

Diere waarvan die kote spring of glijp, moet uitgeskot word. Hoewe moet kort en goed gevorm wees. Oppas vir diere met lang kloue.

SPRONG VAN RIB:

Sprong van rib word nie altyd genoeg beklemtoon nie. Dit is een van die eienskappe wat die meeste gewig by 'n dier bepaal. Diepte en lengte, sonder die sprong van rib, sal ligte speenkalwers tot gevolg hê. Bly weg van platsydige diere. Hulle teel ligte, swak kalwers.

VOORKWART:

Bulle moet 'n mooi diep en breë borskas hê, met goed geplaaste blaie wat nie los bo die skouer uitloop nie. Daar moet ook genoegsame vleis aan die agterkant van die blad wees. Diere met te los skouers en duiwelsgreep, word afgekeur. Dieselfde geld vir vroulike diere, alhoewel vroulike diere 'n ligter voorkwart (wigvorm) het.

VOORBENE:

Die voorbene moet reguit uit die skouer afgaan grond toe. Alhoewel X-bene of bakbene voorkom, word enige oormatige geval afgekeur.

SKEDE:

Die bul moet 'n goeie sterk skede hê. 'n Skede wat met 'n 45 grade hoek afhang, is selde 'n probleem.

Enige skede wat met 'n skerp hoek val (pypvormig), moet afgekeur word. Die bul se skede moet bokant die denkbeeldige lyn, tussen die knie van die voorbeen en die hak van die agterbeen hang, anders word hy afgekeur.

TESTIS EN SKROTUM:

Die Bul moet 'n goed ontwikkelde en mooi gevormde skrotum hê. Die skrotum omtrek word gemeet en moet volgens die dier se liggaamsgewig, aan rasstandaarde voldoen. Alhoewel 'n 45 grade skewe skrotum binne die ras aanvaar word, is dit ongewens en moet dit liever vermy word. Bulle met skrotums wat meer as 45 grade draai of waar die byballe koeksister, word afgekeur. Moenie te streng wees op jong bulle waar die skrotum "abnormaal" vertoon nie. Soos wat hulle ouer word en die skrotum "voller" word, vertoon die skrotum weer normaal.

VULVA, UIER EN SPENE:

Die vers moet 'n goed ontwikkelde vulva vertoon. Dit is altyd goed om die vulva binne die groep met mekaar te vergelyk. 'n Vers wat in haar siklus is, se vulva sal groter vertoon as die een wat nie in siklus is nie. Verse wie se vulva baie kleiner is as die gemiddeld binne

haar ouderdomsgroep, is gewoonlik minder vrugbaar. Verse moet ook vier goed geplaaste spene hê. Koeie moet mooi klein uiertjies hê met vier mooi gepigmenteerde dun spene, waaraan 'n pasgebore kalf gemaklik kan drink.. Aangesien bottelspene eers sigbaar word by koeie, word aanvaar dat sulke diere deur die teler self uitgeskot word.

STERT/STERTHEGTING:

Die stert moet netjies uit die Sanga hangkruis kom. Dit moet ten minste twee derdes na die grond ahang, met 'n mooi goed-gevormde kwas. Daar mag nie 'n knak in die boonste derde van die stert voorkom nie. Bobbejaanstert word afgekeur.

KONSTITUSIE:

Dit is seker een van die mees belangrikste eienskappe van vleisbeeste. Ons wil almal vet beeste hê wat goed produseer. Dit is belangrik dat ons binne die trop, diere se kondisie met mekaar vergelyk. Daar is amper altyd diere binne 'n groep, wat vetter is as ander. Indien die diere almal goeie produseerders is, sal dit goed wees om diere met die swakste kondisie –telling, te verkoop. Onthou die volgende definisie:

Konstitusie is die vermoë van 'n goed produserende dier (insluitend 'n koeie met 'n kalf) om sy/haar kondisie te handhaaf. 'n Goeie produseerder raak ook vet, maar 'n swak produseerder is altyd vet.

RASSTANDAARDE:

Let wel, rasstandaarde word vervat in hierdie boek, maar word van tyd tot tyd deur die Raad aangepas, soos probleme binne die ras ondervind en aangespreek moet word.

- Verse moet binne 39 maande kalf.
- Eerste kalf koeie mag tussen haar eerste en tweede kalf 'n TKP van 760 dae hê.
- Koeie met 3 kalwers of meer moet 'n gemiddelde TKP van 570 dae of laer handhaaf.
- Geen koeie mag 'n TKP van 760 dae tussen enige twee kalwers oorskry nie.
- Koeie mag nie DSLK van 760 dae oorskry nie, (dae sedert laaste kalf.
- Diere met 'n direkte speenindeks binne kontemporêre groep van onder 90 vir bulle en 80 vir verse word outomaties deur stelsel gekanselleer.

Dit is van toepassing op diere gebore vanaf 1 September 2017.

- Koeie met 'n gemiddelde direkte speenindeks binne haar kontemporêre groep van onder 80, oor twee agtereenvolgende kalwers, word outomaties gekanselleer. Dit is van toepassing op kalwers gebore vanaf 1 September 2017.

- Die neem van speen en een van 12 /18 maande gewigte, is verpligtend vir diere gebore vanaf 1 Januarie 2017. Hoe meer gewigte, hoe beter!

6. STANDAARDE WAARAAN RASEGTE TELING MOET VOLDOEN:

Vroulik: Verse moet binne 39 maande kalf en daarna 'n goeie TKP handhaaf en terselfdertyd goeie kwaliteit kalwers speen. Die koei- kalf verhouding met speen is belangrik. Onvrugbare diere en koeie wat sonder rede swak kalwers speen, moet uit die kudde verwyder word. Moet nie sulke diere aan die kommersiële mark verkoop nie- laat hulle eerder slag. Goeie oorskot diere kan aan die kommersiële mark verkoop word, indien hulle nie binne die stoetbedryf bly nie.

Manlik: Alle stoetvaarders moet DNS profile hê en ouerskap moet bewys word. Elke teler moet daarop let dat alle goedgekeurde bulle nie stoet-potensiaal het nie.

Dus moet 'n teler mooi dink voordat hy net 'n SP bul koop. Koop bulle wat 'n duidelike bydrae tot jou genetika en kudde kan maak. Telers wat manlike diere as KI bulle wil aanbied, moet skriftelik by die Raad aansoek doen. Die Raad sal na die bul se teelwaarde indekse, asook die prestasie van sy nageslag kyk en indien tevrede, reël dat die bul weer geïnspekteur word. Die keurder/s sal dan 'n aanbeveling aan die Raad maak met redes waarom die bul as 'n KI bul goedgekeur of afgekeur behoort te word.

Vir enige verdere navrae, kontak asb die kantoor by 051 410 0958.

Tuli groete



Tuli Cattle Breeders Society of SA



1. IMPORTANT POINTS FOR DETERMINING A CALVING SEASON:

Before a farmer can make a decision with regard to calving season, he needs to understand the environment in which he farms. He needs to know that animals under certain conditions may require certain needs. Cows with calves will have high nutritional requirements to produce milk for the calf and whilst being able to re-conceive. The guideline is that cows should calve within 6 weeks of the start of the growing season.

Cows in the early stage of pregnancy do not have high nutritional requirements and it makes sense that this period coincides with the dry or dormant season.

From 6 weeks before calving, the cows requirements increase. Cows should be in a good condition during this period as conception rates in the next mating season will be negatively affected by cows in poor condition at this time.

Weaner calves: Heifers and young bulls need good grazing if they are to achieve their full potential. Between weaning and twelve months, is a period where breeders often fail to maintain steady growth.

Calves with good wean weight can often loose condition due to the stress of being weaned from their mothers. Supplementary feeding may be necessary to minimize this weight loss during this period.

Remember these young bulls are the “product” that you sell and your heifers are the “factory” of your future production.

The factors mentioned above are therefore very important to determine your calving season. Due to compulsory Performance Testing requirements it is a good idea to have a calving season, if you do not already have one.

2. ACCEPTABLE MATINGS

- SP-Bull or Cow X other breed – Basic Cow (if approved)
- SP Bull x basic cow = Appendix A Cow (if approved)
- SP Bull x Appendix A Cow = Appendix B Cow/Bull (if approved)
- SP Bull X B Cow = SP Cow/Bull (if approved)
- B Bull X SP Cow = SP Cow/Bull (if approved)
- B Bull X B Cow = B Cow/Bull (if approved)
- B Bull X A Cow = A Cow (If approved)
- B Bull X Basic cow = Basic cow (If approved)

Each breeder chooses which bull to mate with which cows, There are many ways to determine this, but it is important not to lose sight of the long term goal of improving your herd through correct mating decisions.

3. REQUIREMENTS FROM BIRTH TO ADULT ANIMAL:

Give the calf a tag or ear notch, Use tattoo as a permanent method of identification.

- *Weigh the calf within 3 days of birth (rounded off to the nearest kilogram)

- *Weigh the dam at the same time as calf (if possible)

- *Submit birth notification details within 90 days to SA Studbook

- *Weigh cow and calf at weaning (between 151-270 days)

- *Weigh calf at 12 months (between 271-450 days) and/or 18 months (451-634 days)

Optional

- Bulls begin with Farn growth test tests before or at 12 months (contact the office or your Stud Book field officer for further information).

PLEASE REMEMBER TO SUBMIT YOUR INFORMATION TO MARIETJIE
CAMPBELL OR LOAD ONTO LOGIX.
(marietjiec@studbook.co.za)

4. INSPECTIONS:

The organizing of inspections is the breeder's responsibility. The list of senior inspectors and the fees payable are available from the office.

Animals can be inspected from the age of 12 months.

Although, this is not recommended by the Society as animals can still change considerably while they are still growing. The recommendation is to inspect heifers at an age of 15 months or older. Bull inspections must be delayed as long as possible within the constraints of when they are due to be sold.

At inspection animals are approved, rejected or held over for re-inspection at a later stage.

There are a number of reasons to reject/cull animals. Below is a list with their appropriate codes:

<u>Section</u>	<u>Code</u>		
General	13	TUL	Age first calving >39 months
	14	TUL	First calf cows may have an ICP of 760 days between 1 st and 2 nd calf. Cows with 3 or more calves must have an average ICP of 570 days or less.
	16	TUL	Any hereditary defect
	17	TUL	Wild temperament
Type/Color/Hair	1	TUL	Black colour or Brundel
	2	TUL	Solid white above the underside
	8	TUL	Frizzy or woolly summer coat
	15	TUL	Poorly pigmented
	20	TUL	Any signs of impurity
	44	TUL	Not phenotypic Tuli
Head	3	TUL	Undershot, overshot jaw or skew mouth
	18	TUL	Poor eyes and eye brows
	23	TUL	Permanent tears in eyes

<u>Section</u>	<u>Code</u>		
	5	TUL	Hollow, sway, hunch or roach back
Back to tail	6	TUL	Laterally twisted spine
	7	TUL	Congenital kink in upper third of tail
	19	TUL	Devils grip
	25	TUL	Excessive droopy rump
	34	TUL	Flat rump
Legs/Hooves	4	TUL	Hoove growth or abnormal hooves
	21	TUL	Patella fixation
	36	TUL	Sickle, upright- or cow hocks
	37	TUL	Bandy-, x-legged or pigeon-toed
	38	TUL	Upright or sagging pasterns
	41	TUL	Unnatural gait
	33	TUL	Coarsely boned

<u>Section</u>	<u>Code</u>		
Scrotum, Sheat and	11	TUL	Hypoplasia and scrotal defects
udder	12	TUL	Fleshy sheath and prolaps
	26	TUL	Under developed female genitals or udder
	40	TUL	Poor udder and teat development
	9	TUL	
	42	TUL	Weak constitution
	43	TUL	Poor muscling
Size	10	TUL	Under size for age
	22	TUL	Under weight for age
	24	TUL	Excessive large or pony type
	31	TUL	Too high on legs, no depth
	32	TUL	Too large for age

5. STANDARDS OF EVALUATION

The following points will help a breeder to evaluate his own cattle:

HEAD:

- **Muzzle:** Broad muzzle with jaws that meet evenly. Overshot or undershot jaws are not acceptable. Muzzle must be straight, skew jaws are not acceptable.
- **Nose:** The nose must be well pigmented with two well developed nostrils. An imaginary line must run from the top of the head, between the eyes down to the cleft of the mouth.
- **Ear:** Ears must be small, neat and well on the sides of the head. Bull must have small ears with short hair (hairy ears are an indication of crossbreeding). Cows generally have larger ears than bulls.
- **Eyes:** The eyes of a Tuli must be oval with good long eyelashes that point downwards. Examples of bad eyes are eyes that are; round, shallow, pop-eye, Chinese, permanently watery and short eye lashes that bunch. Deviations thereof are not desirable, but are not necessarily a reason for rejection.

- **Poll:** The poll of the animal must be neatly between the ears. Animals with horns obviously do not have a poll and these animals must have neatly formed Sanga type horns. Approximately 10% of Tullis have horns. Breeders must try to keep horns to a minimum as this has economic implications.

NECK:

The neck should flow neatly into the shoulder. In female animals it needs to be smooth with small wrinkles and moderate dewlap. Bulls' necks are usually a bit thicker and due to hormones, can be hairier and slightly darker in colour compared to the rest of the animal's coat. As bulls' mature they develop a well-defined hump and dewlap.

TOPLINE:

The animal needs a good straight back with a well-defined, but not excessive eye muscle. Swayback or hunchback animals are to be rejected. Tullis must have a well-developed eye muscle as it is one of the Tuli breed's strongest attributes.

LENGTH AND DEPTH:

These two attributes go hand in hand. If one is lacking the animal does not look in proportion.

Good depth is highly desirable and the animals must neither be so short as to look compressed, nor too long, resulting in a hollow back.

HIND QUARTER:

The hind quarter must be well fleshed. It should have good length from hipbone to pin bone with a sloping rump. The muscling in the rump should be well defined. Care needs to be taken to ensure that the animal is not lacking muscling at the flank, nor above the hock.

HIND LEGS:

The hind legs need to be well developed, with a fine bone structure. The animal must not be excessively cow-hocked or bandy-legged. Legs that come straight down from the thurl are ideal as this gives enough space for the udders in cows or the scrotums in bulls and balanced weight placement on the hooves. The hind legs viewed from the side should not be sickle-hocked or have upright hocks.

FEET AND HOOVES:

Good hooves are essential. Young bulls with weak hooves are inclined, as they increase in size and become heavier, to develop problems. Hoof problems are rarer in females, but this does not mean that one does not look at female hooves.

Select animals that have sufficient hoof depth and an easy gait. Animals with pasterns that are weak or dislocated must be culled.

CAPACITY:

Capacity is not always thought of as important, but it is one of the traits that contribute the most to the overall weight of the animal. Length and depth without capacity will result in light weaners. Steer clear of narrow animals as they breed lighter, weaker calves.

FOREQUARTER:

Bulls should have a broad deep chest with well attached shoulders that do not stick out above the topline. There need to be adequate fleshing behind the shoulder. Animals with shoulders that are too loose or that exhibit "devils grip" need to be culled. The same applies to female animals, although females are lighter built in the forequarter and wedged toward the hindquarter.

FRONTLEGS:

The front legs must be straight from the shoulder down to the ground. Although X-legs or bandy legs do occur, special care needs to be taken. Animals that are excessive must be culled.

SHEATH:

The bull must have a good sheath free of any defects. A sheath that descends at an angle of 45 degrees is rarely a problem. A sheath that hangs vertically tends to be a problem and should be culled. A bull's sheath should hang above an imaginary line drawn between the knee of the front leg and the hock of the hind leg.

SCROTUM AND TESTES:

Full bulls must have a well-developed scrotum. Scrotal circumference should be measured and compared to breed standards of an animal at that age. Although a 45 degree deflection of attachment from the norm is allowed, it is undesirable and should be avoided. A bull with a scrotum that has a torsion of greater than 45 degrees or where the epididymis is twisted (koeksister) should be culled. Do NOT be too hasty in culling an animal on scrotal defects as the development of the scrotum in many young bulls is such that they look abnormal until they are older and then one sees that the scrotum is indeed normal.

VULVA/UDDER AND TEATS:

Heifers must have a well developed vulva.

It is best to compare vulvas of different animals within the group since vulva development is age dependant. The vulva of a heifer that is cycling will be more prominent than that of a heifer that is not cycling. Cows should have a small neat udder with four neatly positioned teats. The teats should be pigmented and thin enough for a newborn calf to easily grasp. "Bottle teats" develop as the cow grows older and probably will not be seen at inspection. Therefore the breeder should cull these animals if cow develops "bottle teats".

TAIL/TAIHEAD:

The tailhead attachment must be neat and preferably flush with the sloping Sanga rump. The tail must reach two thirds of the way to the ground and have a well developed switch (brush). The tail may not have a congenital kink in the upper third of it.

CONSTITUTION:

This is one of the most important attributes of a beef animal. We all want animals that produce well and maintain their condition. Therefore it is important to compare the constitution of animals within a herd. There are invariably animals that are in better condition than the rest of the herd. The animals with weaker body condition scores, should be sold.

Remember constitution is the ability of a producing animal (i.e. a cow with a calf) to maintain her body condition. A good producing cow's body condition may vary, whereas a poor producer is always fat since she does not raise a worthwhile calf. These cows are 'beauty queens' and do not add value to your herd.

BREED STANDARDS:


Breed standards are included in this booklet, but it must be borne in mind that Council will identify problems and make changes to these breed standards to address these problems.

- Heifers must calve for the first time within 39 months of birth.
- Cows are allowed a maximum ICP of 760 days between the first and second calves.
- Cows with 3 or more calves must maintain an ICP of 630 days or less.
- Cows are not allowed to exceed 760 days between any two calvings..
- Cows are not allowed more than 760 DSLC (Days since last calving).
- Animals with a Direct wean index of less than 90 for bulls and 80 for heifers within their contemporary group will be culled. This applies to all animals born since 1 September 2017.

Cows with Ave Direct Wean indexes within their contemporary group of less than 80 over 2 successive calves will be cancelled. This applies to all calves born 1 September 2017.

The recording of wean and one of 12/18 month weights is compulsory for all animals born 1 January 2017.





Tuli
Beestelersgenootskap
van Suid-Afrika



Tel: 051 410 0958
Fax: 086 218 8246
E-mail: liezel@studbook.co.za
Web page:
www.tulicattle.co.za